WAAROM AL DIE GESKARREL?

Niemand het patentreg op die Vryheidstryd van die Boerevolk nie. Hier is verskillende groepe en mense wat in hoofsaak aksies bedryf oor verskillende fasette van ons stryd. Dit is egter fasette en daarom kan daar klemverskille wees.

Ons almal se eindoel moet wees- die herwinning en herstel van ons Boerevolk se vryheid op die erwe van ons vadere. Enigiets anders is iets anders!

Hier is egter steeds sogenaamde leiers en groepe wat die alleenstaanplek wil opeis en wat die verwagting koester dat almal by hulle moet inval, anders is dit nie 'n stryd om vryheid nie. Dit is fataal en niks anders as faksievorming nie. Dit gaan ons nêrens bring nie. Piet Rudolph.